Morrelli aanwins vir seiljagbedryf

Verhoog aansien van Wes-Kaap

Een van die innoverendste ontwerpers van seiljagte ter wêreld werk sedert die begin van vanjaar by een van die Kaap se voorste seiljagbouers. Waarnemers meen dié verhouding sal die aansien van die Wes-Kaap in internasionale bootkringe aansienlik verhoog.

Gino Morrelli ontwerp reeds sedert 1975 seiljagte vir internasionale kliënte. Sy passie is aanvanklik deur sy pa, Wes, raakgesien en dié het hom aangemoedig om bote in die agterplaas van hul huis in Kalifornië te ontwerp.

"My pa het belang gestel in motors en motorwedrenne toe ek 'n kind was, maar my beste herinnering aan daardie tyd was toe ons 'n seiljag in ons agterplaas gebou het," sê Morrelli, wat nou van die wêreld se beste katamarans by Robertson & Caine International Yachts (R&C) in Kaapstad ontwerp.

"Ek is een van daardie gelukkige mense wat 'n bestaan kan voer uit my passie. Maar dit is egter soortgelyk as om 'n akteur te wees; jy is slegs so goed soos jou laaste vertoning. Dit is waarom die uitdaging in Suid-Afrika so belangrik is vir my."

Hy het min twyfel dat die Kaap oor die volgende dekade een van die vernaamste plekke vir bootontwerp sal word.

"Ek kan reeds duidelik sien dat die stad baie faktore in sy guns het. Die beskikbare arbeid is van hoogstaande gehalte en kos redelik min indien dit met Europa en die VSA vergelyk word. Suid-Afrika lewer reeds van die wêreld se beste bote."

Robertson & Caine se direkteur, mnr. Ellian Perch, sê Morrelli se besluit om by hul maatskappy aan te sluit, is 'n reuse-hupstoot: "Ons het sy dienste spesifiek bekom om ons reeks katamarans die wêreld se beste te maak."

Robertson & Caine het hul nuutste sogenaamde Powercat, die Leopard 47 PC, vroeër vanjaar bekend gestel en het reeds baie toekennings vir dié reeks bote ontvang. In 2005 is die Leopard 40 katamaran as die boot van die jaar in die VSA aangewys.

Morrelli se ontwerp-maatskappy, Morrelli & Melvin, het oor die laaste dekade verskeie internasionale toekennings ontvang.

Vanjaar het Morrelli en sy mede-ontwerper Pete Melvin *Sailing World Magazine* se voorste toekenning ontvang vir hul Reynolds 33 katamaran. In 2005 het die National Marine Manufacturer's Association in die VSA hul vermoë vir innoverende ontwerp beloon vir hul Moorings 4000-katamaran.

In dieselfde jaar het *Cruising World Magazine* die Moorings 4000 katamaran aangewys as die beste ingevoerde renboot.

In 1999 het Morrelli die boot Playstation vir die bekende avonturier Steve Fossett ontwerp. Dié boot het die rekord geslaan vir 'n reis per boot oor die Atlantiese Oseaan. Fossett het by verskeie geleenthede al gesê sy prestasie sou kwalik moontlik gewees het sonder Morrelli se vernuf.

Morrelli sê dit is moeilik om te besluit of dit vir hom lekkerder is om self sy bote te seil of om hulle te ontwerp. "Ek hou eintlik baie van albei, maar dit is omdat ek ure toewy aan ontwerp dat ek die vermoë het om aan wedvaarte deel te neem. Dit is waarom dit uiters belangrik is om vir die beste ontwerpe verantwoordelik te wees," voeg hy by.

Hierdie twee aspekte van Morrelli se vernuf het aan hom legendariese status besorg toe hy in 1988 die boot "Stars and Stripes" ontwerp het wat die America's Cup, die vooraanstaande seiljagwedvaart in die wêreld, gewen het.

"Ek het in Frankryk gewoon toe hulle my gevra het om die boot te ontwerp. Ons het baie min tyd gehad om die boot te ontwerp en ons het verskriklik hard gewerk om te wen. Dit was een van die opwindendste tye in my lewe en ek sal dit nooit vergeet nie."

Die jongste uitdaging in sy lewe, om die beste katamarans te ontwerp, sal beslis nie sy laaste wees nie. Die bestuurders van R&C is egter seker dat Morrelli se gebruik van die nuutste sogenaamde "infusion"-tegnologie by die ontwerp van die katamarans hulle die wêreld se beste maatskappy sal maak.

Morrelli sê dit was 'n moeilike besluit om sy vrou en twee jong kinders in die VSA agter te laat om sy drome hier te kom bewaarheid, maar indien R&C daarin kan slaag om die Wes-Kaapse regering te oortuig om hul aansoek goed te keur om 'n nuwe skeepswerf by Atlantis te bou, sal alles volgens plan verloop.

"Die geleentheid om betrokke te wees by die nuwe projek in Atlantis is ongelooflik opwindend. Dit kan ook 'n reuse-hupstoot vir die Wes-Kaapse ekonomie wees," voeg Morrelli by.